NG Gemeente Hartenbos

PROGRAM VIR 2 DESEMBER 2018

Kersoffersondag: Gee asb u Kersoffer in die offermandjies tydens die opneem van die Bankoffers

09:00 Erediens: Nagmaal: ds Willem Smit : **God se 4-V-PLAN**
Bevestiging van wykleiers
18:00 Kerssangdiens: ds Dawid de Wet
Spesiale offer: Kombuisopgradering

PROGRAM VIR 9 DESEMBER 2018

09:00 Erediens: ds Dawid de Wet
Doop word vanoggend bedien aan Dawid Alexander de Wet, seuntjie van Dawie en Helanie de Wet
18:00 Eietydse erediens: ds Willem Smit
Spesiale offer: Kombuisopgradering

PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag 3 Desember
06:00 Gebedsbyeenkoms (Jeuglokaal**)**

VREUGDE IN ONS GEMEENTE

Lidmate wat die week aangemeld het:

Hannes en Rina Kotze – Geelhoutlaan 63

Lidmaatskap ontvang van:

Theunis Johannes, Magdalena Elizabeth en Theunis Johannes Kotze vanaf Mosselbaai-Suid

Christina Phillipina Hall vanaf Komatipoort

Barend Smit en Marina Marx vanaf Wilgespruit

TAGTIG JAAR EN OUER DIE WEEK

Oom Cor Landsberg van Clionela 5 – 2/12

Oom Dolf vd Merwe van Fonteinepark 135 – 2/12

Oom Piet Kotze van Fonteinepark 175 -3/12

Oom Herman Kloppers van Fonteinepark 141 -5/12

Oom Cules Louw van Boomplaatsweg 40 – 7/12

Tannie Dalene van Zyl van Winburgln 12 – 7/12

HARTSEER IN DIE GEMEENTE

Is/was in hospitaal

Tannie Chris Gerber – V/O

Hettie Maritz - Geelhoutlaan 67

Paula Rossouw - Oranjelaan

Charl van den Berg - Boulawardln

Gerda Engelbrecht – Tuscany park

Barry van Zyl – Essenhoutln 97

Sonja Etsebeth – Essenhoutln 73a

Pieter vd Merwe – Fonteinepark 185

Sally Meyer – Hartenrus siekeboeg

Adriaan van Jaarsveld - Hartenrus 3

Ons dink veral ook aan die inwoners van ons onderskeie siekeboeë.

Meegevoel met:

Wehmeyer Ferreira van Aura Aesta 11 na die afsterwe van sy seun Marius

Tannie Ina Croukamp na die afsterwe van oom Frik

Tannie Maggie Munro van VO veral Johan en Juliana Meyer na haar afsterwe

Priscilla van Rooyen van Graaff Reinetlaan 5 en haar familie na die afsterwe van Johan

BEDIENINGE VAN GEMEENTE

Kosi Baia

Die winkel is elke Dinsdag en Vrydag van 10h00 tot 15h00 oop en wil graag vir ons gemeente en gemeenskap diensbaar wees. Indien jou sou belangstel om deel te word van hierdie span, kontak gerus vir Ina by 079 491 1164 of 044 695 2322.

Har skool

Ons Hartskool open weer in 2019. Hou hierdie spasie dop vir inligting. Navrae ds Willem 0446951958 .

Navrae ds Willem 0446951958 .

Vanaf 2019 gaan ons DV uitbrei om twee leerplanne te volg:

1.Sondae 18h00-19h00: Bybelboeke.
2.Dinsdae 17h30-18h30: Bybelse Temas

Kerssangdiens

Ons nooi almal vanaand na ons jaarlikse Kerssanddiens. Kom geniet heerlike gemeente- en koorsang, sowel as van ons begaafde musici se wondelike talent.

Na afloop van ons diens, is daar 'n heerlike somervrugte - bederfie, sowel as 'n kersboom vir ons kindertjies.

Vleisfees 2018

Vanjaar word hiérdie geleentheid beplan vir DV 15 Desember. Ons voorbereiding is nou in volle swang terwyl ons slagveë DV Maandag 3 Desember ingebring word met die oog op die verwerking daarvan in die volgende week. Bid asseblief vir die veilige inbring van ons veë en almal wat gaan help verwerk se veiligheid en gesondheid . 'n Opregte dankie aan elkeen wat tot nou hulself en donasies met die oog op ons beplande vleisfees kom aanbied het.

Die vleisfees open om 09:00. Kom koop jou vakansievleis hier by ons

L&L-Kersprojek: Ons kom staan weer bakhand vir ons Kersfeesprojek. Indien jy jou weg oopsien om ons veral finansieel te ondersteun sal dit geweldig waardeer word. Ons ontvang ook graag lekkergoed en sakkies Drink-a-pop koeldrank. Die projek werk met behoeftige kinders van Hartenbos Laerskool. Maak 'n hartjie bly met jou bydrae. Lewer asb voor 5 Desember by kantoor af. Navrae Lorraine 0446950315

NUWE INTREKKERS:

Ons wil julle graag verwelkom by die Nuwe Intrekkertafel in die Binnehof. Ons wil ook graag jou inligting kry en vir jou 'n almanak gee. Sien baie uit om jou te ontmoet!!

VO BASAAR

Bring jou familie en vriende
en kom geniet die basaar saam met ons!

PLEK: Hartenbos Versorgingsoord
DATUM: Saterdag 15 Desember 2018
TYD: 09:00

NB: Wit Olifante open reeds 08:00
Alle ander verkope open 09:00

Poeding sal verkoop word op 2, 9 en 16 Desember. Ondersteun asb die fondsinsamelingspoging

EREDIENSTYE 2019

Vanaf 13 Januarie 2019 verander ons Sondag program as volg:

Eietydse Erediens: 08h00

Klassieke Erediens 10h00

Kuikenkerk 08h00

Junior kategese 09h00

Senior kategese 16h30

Jannie du Toit: Oesjaar: Op Dinsdag 18 Desember om 19:00 tree Jannie du Toit in die kerk op saam met Susan Mouton, Chane Jonker en Theuns Botha. Toegang R100. Navrae: 0823726729. Kaartjies Hartenbos Kerkkantoor

Adventstyd 2018

Wat beteken Adventstyd? "Advent" kom van die Latynse woord *adventus* en beteken "koms". Dit is die naam van die seisoen in die Kerk se jaar waar

ons onthou hoe mense uitgesien het na die Messias se koms. Dis die begin van die Christelike kerkjaar. In dié vier weke van Adventstyd dink ons daaraan dat Christus gekom het èn dat Hy weer sal kom. Dis nie net ‘n tyd om sy geboorte te herdenk nie, maar ‘n tyd om spesiaal uit te sien na sy wederkoms. Dit is verder ‘n tyd waar ons oefen om Christus se verrassende koms elke dag in ons lewens te verwag. Dink maar aan ‘n bekommernis of probleem of belangrike besluit in jou lewe op die oomblik. Dan is Adventstyd vir jou! ‘n Tyd om te weet dat die God van verrassings net so kragtig in jou lewe wil werk soos 2000 jaar gelede in ‘n stal in Betlehem.Die temas wat in Adventstyd aan die orde kom is

- die kontras tussen lig en duister (daarom ook die oorvloedige gebruik van kerse – Christus is die lig vir die wêreld en die duisternis kan die lig nie uitdoof nie)
- om geduldig te wag op die vervulling van God se beloftes
- om te stry vir geregtigheid (Hy is die vredevors wat die koninkryk van reg en geregtigheid kom vestig volgens Jes. 9:6)

Die liturgiese kleure van Advent is koningsblou (Hy is ons Koning) en vir Kersdag wit en goud.

Waarvoor staan die adventskrans?

Een van die maniere om ons voor te berei op die herdenking van sy geboorte op Kersdag, is deur ‘n adventskrans. Ons steek die kerse van hierdie krans aan om ons te herinner aan die hemelse gawes wat Christus vir ons en ons wêreld gebring het. Die adventskrans bevat ‘n paar simbole om ons te help dink oor Christus en sy gawes. Die krans self is in die vorm van ‘n sirkel. ‘n Sirkel het geen begin of einde nie. Dit herinner ons daaraan dat daar geen begin en geen einde is aan God en aan sy liefde vir ons nie. Die lig van die kerse, wat algaande sterker word namate volgende kerse aangesteek word, herinner ons dat Jesus die lig vir die wêreld is. Elke Adventsondag word ‘n volgende kers aangesteek. Die eerste Sondag een, die tweede twee, ens. totdat op die vierde Adventsondag al vier brand. In die middel staan die groot Christuskers of paaskers wat altyd brand om ons te herinner dat Christus uit die dood opgestaan het. Die vier kerse herinner ons aan elk van vier gawes wat Christus vir ons bring, naamlik

- hoop
- vrede
- vreugde
- liefde